

Teken Aan

| Stuur aan per e-pos | Druk 'n PDF weergawe | English



Comprehensive legal solutions in a rapidly changing business environment

Kramer Villion Norris - KVN

September 2016

## Jou Testament En 'N Praktiese Plan Vir Jou Naasbestandes



*"As die hemel val, is ons almal dood." Afrikaanse spreekwoord.*

Of jy nou jonk of jonk van gees is, gesond is of grondpad geloop het, 'n lewensmaat het of jou eie potjie krap, 'n testament moet jy hê. Daarsonder kom jy intestaat tot sterwe. Dit beteken jy besluit nie self hoe jou boedel vererf nie. Jy besluit nie self wie wat moet erf nie, ook nie hoe jou kinders versorg en hoe jou geldelike voorsiening vir hulle hanteer moet word nie, ook nie wie die boedel moet administreer en toedeel nie. Dit maak tog sin om jou naasbestandes teen hierdie praktiese en finansiële risiko's te beskerm.

| **LEES MEER** |





### 'n Bitter Pill! 'n Eienaar Kan as 'n Onwettige Besetter Uit Sy Eie Huis Gesit Word

Al is jy die geregistreerde eienaar van 'n huis, kan jy steeds as 'n "onwettige besetter" uit die huis gesit word.

Ons is almal vertrouwd met die mees algemene geval waar 'n eienaar vrywilliglik besit aan 'n ander persoon afstaan; dit is waar die woning uitverhuur word. 'n Meer ingewikkelde geval is waar die eienaar ingevolge 'n ooreenkoms (dikwels gevolg deur registrasie) aan iemand die reg op bewoning of habitatio verleen. Hoekom sal 'n eienaar dit wil doen?

[| LEES MEER |](#)



### Maatskappydirekteure En Persoonlike Aanspreeklikheid: Wees Bedag

Ons Maatskappywet van 2008 is sedert 2011 in werking. Die nuwe wet plaas 'n hele lys van bykomende verantwoordelikhede en risiko's op direkteure en beamptes. Die gevalle waar maatskappydirekteure persoonlik aanspreeklik gehou kan word is ook in die wet uitgebrei.

So vind ons artikel 218(2) aan die einde van die wet onder "Diverse aangeleenthede" wat as volg lees: . . .

[| LEES MEER |](#)



### Belasting – Sars Se Invorderaars By Jou Voordeur

SARS het drie maatskappye aangestel om agterstallige belastings in te vorder. Die skuldinvorderaars is CSS Credit Solutions, NDS Credit Management en Lekgotla Trifecta Capital Consortium. Daar is egter ook skyninvorderaars wat baie vinnig op die toneel verskyn het, wat belastingbetalers kontak en wat aandrang op betaling na hul genomineerde bankrekening toe.

SARS maak die volgende aanbevelings-

[| LEES MEER |](#)

## Jou September Webwerf: Wie Is Wie In Die Panamese Onthulling?

Het jy enige belangstelling in die onthullings van die sogenaamde "Panama Papers"? Jy kan meer te wete kom oor die bykans 320 000 maatskappye en trusts wat ter sprake is in hierdie onthullings. **Hou in gedagte dat die blote feit dat iemand beleggings in 'n ander jurisdiksie het, geensins dui op enige onwettigheid nie. Intendeel, dit word algemeen aanvaar dat die oorgrote meerderheid van hierdie beleggings in Panama in geheel verklaar en wettig is.**

Die konsortium van ondersoekende joernaliste wat hierdie inligting beskikbaar gestel het, is die ICIJ. Die publiek kan vrye toegang kry tot die ICIJ ("the International Consortium of Investigative Journalists") se databasis oor hierdie Panamese strukture en beleggings –

[| LEES MEER |](#)

 Suite 6, No.5 Fricker Road  
 Illovo  
 Sandton  
 Phone: +27-11-268-5916 / +27-11-048-3500

  
**KVN**  
KRAMER VILLION NORRIS INC  
ATTORNEYS  
CONVEYANCERS  
IMMIGRATION

 Email: [goolam@kvnlaw.co.za](mailto:goolam@kvnlaw.co.za)  
 Website: [www.kvnlaw.co.za](http://www.kvnlaw.co.za)

Follow Us      

**Uitsluiting**

Die inligting hierin vervat is van 'n algemene aard en moet nie as professionele advies gebruik word nie. Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir enige foute of weglatings of enige skade of verlies wat volg uit die gebruik van enige inligting hierin vervat nie. Kontak altyd u professionele adviseur vir spesifieke en toegepaste advies.

© DotNews. All Rights Reserved.

 'n Kliëntskakelingsdiens van **DotNews**

**Indien julle van jul personeel op die lys wil byvoeg om die professionele weergawe te ontvang, of van die lys wil verwyder, laat ons asseblief per e-pos weet deur op hierdie skakel te klik.**